No 1371 21 Mei 2017

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: www.gk-alkantrant.co.za • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant • **Predikant**: Ds Dirk Kotzee: 079 305 3297, dkotzee@gmail.com/dirk@gk-alkantrant.co.za • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, hbklopper@webmail.co.za • **Administratiewe beampte:** Rina de Villiers: 081 599 2321, pikkie.rina18@gmail.com • **Attes skriba:** Tjaart van der Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za • **Bankbesonderhede:** GK Alkantrant, Absa-rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745.

Eredienste

Hartlik welkom by vanmôre se eredienste. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Daar is vanmôre weer twee eredienste – om 09:00 en om 10:30. Ds Dirk Kotzee lei beide eredienste.

Nagmaal

Lees: Lukas 10:25-37; Matteus 5:43-49
Teks: Lukas 10:36; Matteus 5:46
Tema: Christus se offer verander my perspektief op my medemens

Preekskets
Wanneer die wetgeleerdes vir Jesus vra hoe mens die ewige lewe kan beërwe, stel Jesus hulle eenvoudig voor die VOLLE EIS van die WET:

- Liefde tot God
- Liefde tot naaste

Daarmee leer Jesus nie dat jy deur goeie dade gered word nie, maar wel dat jou goeie dade deel is van jou lewe as 'n verloste mens.

Eenvoudig gestel: Iemand wat gered is en deur Christus deel het aan God se barmhartigheid, sal en moet noodwendig ook dit deur sy dade aan ander bewys.

Nou wil ons baie kere ons naaste definieer. Is daardie een wat my so met opset benadeel, my naaste? Ons sien vanmôre dat Christus se offerwerk menslikevlak-persepsies verander.

Sing
Psalm 92:1 en 2
Psalm 25:2
Psalm 119-2:26
Psalm 23:3; 116:1-10
Skrifberyming 7-2:1 en 2
Skrifberyming 13-3

Nabetragting

Lees: Psalm 103, Lukas 17:11-19
Teks: Psalm 103 en Lukas 17:15 en 16
Tema: Mag die herinnering van Christus se verlossingswerk ons harte met vreugde vul!

Preekskets
Dit is verstommend hoe kort mense se bewuste geheue is. Hoe maklik ons vergeet. Hoe gou ons weer aangaan met ons lewens, al het ons kort vantevore 'n lewensveranderende ervaring ondergaan. Kyk maar na nagmaal vanmôre en die hoeveelheid mense wat bymekaarkom vir die nabetragtingsdiens. Getuig dit werklik van harte wat met vreugde en dankbaarheid gevul is oor Christus se offerwerk?

Sing
Psalm 107:1 en 10
Psalm 25:1 en 4
Lied 525:1 en 3
Skrifberyming 13-3

Kollektes
Tydens erediens: Diakonale kas
By die deure: Dopperdinge
Volgende Sondag: Dopperdinge

Diensbeurt
Die kerkraadslede van wyk C2 is vandag aan diens:
Ouderling: Vakant
Diaken Genie Conradie

Gemeentesake

Hemelvaart
Ons herinner aan Donderdagaand 25 Mei se hemelvaart diens om 19:00 by Alkantrant. Hoop om julle almal daar te sien.

Bybelstudie
Ons aandbybelstudie gaan komende Donderdag-aand weer voort om 18:00 by die konsistorie. Ons behandel Romeine 12, die hele hoofstuk.

Dialoogbediening en Koffiekroeg
Ons kom volgende week weer bymekaar vir koffiekroeg en dialoogbediening. Koffiekroeg om 16:00 met *spoedsoek*. Ons vra vrae vanuit die Bybel en ons kyk wie kan dit die vinnigste opspoor. By die dialoogbediening gaan ons in gesprek tree oor die Islam en hoe ons 'n getuienis kan uitleef teenoor mense van hierdie geloofsoortuiging.

Gemeentelike aktiwiteite

Nuwe intrekkers
Hartlik welkom aan ons nuwe intrekkers!
Ons wil graag kennis maak. Ontmoet vir ds Dirk by die koffiestasie of skakel gerus met hom by: dirk@gk-alkantrant.co.za of dkotzee@gmail.com

Gemeentekamp
Almal wat belangstel om die gemeentekamp die naweek van 15 September by te woon, kan asseblief hulle name opskryf op die lys in die portaal. Die kamp vind plaas by die Weesgerus-oord. Voorlopige kostes:

Kampering: R470 vir die naweek.
Chalet: R1 700 vir 2 persone vir die naweek
Chalet: R2 340 vir 4 persone vir die naweek
Chalet: R3 180 vir 5 persone vir die naweek
Chalet: R4 020 vir 6 persone vir die naweek

Die pryse is voorlopig aangesien ons volgens die grootte van die groep afslag kry en daarmee saam nog werk vir algehele subsidiëring van die kamp ter wille van bekostigbaarheid. Indien u sou belangstel, plaas asseblief u naam op die lys, ook al is dit dalk voorlopig nie bekostigbaar nie. Ons sal graag help indien u graag wil gaan, maar dit nie kan bekostig nie.

Ons het reeds 16 staanplekke bespreek en vier chalets. Maak jou bespreking so spoedig moontlik, dat ons kan aanpas as ons nie in die voorlopige bespreking in julle gesin se behoeftes voorsien nie.

Klub 50
Alle senior en afgetrede lidmate wat lekker gesellig saam met ander gelowiges wil kuier. Kom sluit gerus Vrydag om 12:00 in die konsistorie by ons aan vir Klub 50.

Dit is weer 'n bymekaargooi-tafel, m.a.w. elkeen bring 'n bordjie eetgoed van jou keuse.

Sustersake
Kaartjies
Nuwe, vars en oorspronklike kaartjies is weer beskikbaar in die portaal. Kom ondersteun ons asseblief.

Die inkomste uit die verkoop van die kaartjies is ten bate van die President Kruger Kinderhuise.

Koeksisters
Daar is vars koeksisters in die portaal beskikbaar na die erediens. Teen slegs R25/dosyn.

Fondsinsameling: Hout en vleis
Daar is braaihout beskikbaar teen R30/sak en vir 'n groot streepsak R100/sak. Heerlike wildswors en maalvleis teen R75/kg.

Daar is ook wildspastei (medium R50/elk en groot R100/elk), droëwors, biltong.

Ná die erediens kan Nico of Marius u help by die motorhuis agter die konsistorie.

Gedagte vir die week
Dit is nie die krag van jou geloof nie, maar die voorwerp van jou geloof wat jou red.

– **Tim Keller**

Verjaardae
Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle 'n geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Sondag 21 Mei
Shayla Kühn – 083 568 6432

Dinsdag 23 Mei
Anel Ligthelm– 073 151 8669
Jolanda Raath – 082 743 2916

Woensdag 24 Mei
Lulu van Dalen – 082 856 0196

Dondag 25 Mei
Malize Jacobs – 082 803 0736
Matthys Louwrens – 073 836 0752
Cecil Olyn – 012 374 3045

Vrydag 20 Mei
Marelize Taljaard – 084 657 0282
Hannes van der Walt – 072 530 0881

Dagboek

Hierdie week

21 Mei:	Nagmaal om 09:00 Nabetragting om 10:30 Gemeente-ete om 12:00 Pinkstersondag
25 Mei:	Hemelvaartdiens om 19:00 Aandbybelstudie om 18:00
26 Mei:	Klub 50 – Bymekaargooi-tafel
Week 2	
28 Mei :	Eerste erediens om 09:00 Tweede erediens om 10:30 Katkisasie Koffiekroeg om 16:00 Dialoogbediening 17:30
31 Mei	Oggendbybelstudie om 09:30
Week 3	
4 Junie:	Eerste erediens om 09:00 Tweede erediens om 10:30 Katkisasie Koffiekroeg om 17:30
5 Junie:	Finansiële kommissie om 18:30
6 Junie:	Multimedia Bedieningsgroep om 18:30
7 Junie:	Oggendbybelstudie 09:30
Week 4	
11 Junie:	Eerste erediens om 09:00 Tweede erediens om 10:30 Katkisasie Koffiekroeg om 16:00 Dialoogbediening om 17:30
14 Junie	Kerkraadsvergadering om 19:00
15 Junie	Aandbybelstudie om 18:00
16 Junie	Jeugdag

Advertensies

Indien daar plek in die *Gemeentebrief* is, plaas ons u advertensies gratis. Reël asseblief met die redaksie in verband met die tydperk van die plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Susan Swanepoel Musiekskool
Onderrig in klavier, teorie en harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang.
Skakel *Susan* by 083 252 0983 of 012 993 1074.

Vakansieverblyf: Wes-Kaap
Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na die strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R1 000 per dag vanaf Desember tot April asook naweke. Teen R800 per dag alle ander tye, minimum 10 dae.
Skakel *Nols* of *Bettie Swanepoel* by 082 553 8960 of e-pos hulle by nolsswa@vodamail.co.za.

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus
Eenheid in San Lameer te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus.
Skakel *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by marielouiseels@gmail.com.

Wonderboom simpleks te huur
Ruim simpleks in veilige kompleks. 3 leefareas, 3 slaapkamers, 2 badkamers, 2 toesluitmotor-huise, klein tuin. R8 500 per maand. Beskikbaar 1 Junie 2017. Kontak vir
Frans du Preez by 082 371 2033 of
Ingrid du Preez by 071 686 5111

Vars gebak en spyseniering
Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, “platters” en spyseniering vir funksies, verjaardae, kinder-partytjies, doop of spesiale geleenthede.
Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur ’n e-pos aan cjswan4@gmail.com.

Bioway multi-insekdoder
Dodelik vir miere, stofmyte, vlieë, kokkerotte, muskiete, ens. Dit word gebruik in hospitale, skole en restaurante en is veilig om in koskaste, ook rondom jou troeteldiere en selfs naby jou kinders te gebruik.

Asook verspreider van **Aloferox** en **Global Herbal** gesondheid en skoonheidsprodukte.
Skakel *Anna van der Walt* by 064 687 1778.

Finansiële adviseur
Kontak my gerus vir ’n volledige finansiële analise van u portefeulje of vir ’n spesifieke behoefte.

Dienste sluit in:

Langtermynversekering, lewens-, ongeskiktheids-, inkomstebeskermers- en gevreesdesiekte-dekking

- Beleggings
- Aftredebeplanning
- Korttermynversekering
- Mediese fonds
- Trusts en testamente

Skakel *Anri Kotzee* by 071 467 6571 of e-pos by anri@ffg.co.za.

Juwele te koop
Bekostigbare egte silwer juwele te koop.
Kontak F*rançoise Viljoen* by 083 357 5833 of stuur ’n e-pos aan franviljoen@gmail.com.

Loodgieterswerk
Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk.
Skakel *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Boomsloping en snoeiwerk
Jac Marais, ’n lidmaat van die GK Kameeldrift, sloop en snoei bome en struike in tuine.
Skakel 012 819 1316 of 082 412 7137.

Die Waslyn
Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit.
Skakel 078 296 4593.

Kantoorstoele te koop
Drie goeie kantoorstoele te koop teen R300 elk (2 leerstoele). Besigtig by kantoor Garsfontein-park 32, Jacquelinestraat 645, Garsfontein. Kontak *Werner* of *Tersia* by 012 993 0033.

Woonstel te huur
Een slk woonstel naby The Grove, Wilgers-hospitaal en Simon Vermootenstraat, La Montagne. Oopplansitkamer-kombuis, slk en bdk, motor-afdak. Kinders speelarea, swembad, lapa en braaigeriewe, wasgeriewe (Laundromat). 24-uursekuriteit. Okkupasie 1 Junie 2017. Huur R4 600 pm. Kontak *Estelle* by 072 785 3935.